Toe begin Kasper rondkyk of hy nie die aarde sien nie, maar hy sien net sterre . . . Hy is bang dat hulle miskien hul pad verloor het en hy tik een van die Strale wat voor hom sit, op die skouer.

„Sê my asseblief waar die wêreld is. Sal ons gou daar kom?"

„Kyk, daar is dit," en die Straaltjie wys na 'n ster in die verte wat al groter word.

„Maar dis mos nie die wêreld nie; dis dan 'n ster!" Hy voel net nukkerig. Asof hy nie die verskil ken tussen 'n ster en die aarde nie! Wat dink hulle miskien van hom?

„Moenie so lastig wees nie, Kasper; wag maar net 'n bietjie, dan sal jy sien."

Vinniger en vinniger seil hulle, en nader en nader kom hulle aan die ster-wêreld, totdat hulle naderhand amper bo op hom is, en toe sien Kasper dat dit werklik die aarde is.

Die Maanstrale het nie almal op dieselfde plek geland nie. Party het op dakke gedans en hulle soos silwer laat blink. Ander, weer, het in die hoë bome met die wind wegkruipertjie gespeel, of in mense se tuine vlei-woordjies in die blomme se ore gefluister.

Dan was daar van die straaltjies wat met moeite in nou, donker, vuil strate, tussen hoë, bouvallige huise 'n plekkie kon kry om op neer te daal.

Kasper en sy Maanstraaltjies het reguit na sy huis toe gegaan, want die Strale het mos vir Vader Maan belowe dat hulle hom veilig sou tuis bring. Hulle het Kasper darem belowe dat hulle hom op 'n aand sou kom haal en saam met hulle neem op hul besoeke deur die dorp.

Toe Kasper die huis binnekom, was sy mammie en pappie net besig om te eet.

„Waar was jy so laat, Kasper? Kom eet nou gou, want dis al byna tyd vir jou om bed-toe te gaan. Jy moet vroeër huis-toe kom, hoor."

Sy ouers sou hom tog nooit glo as hy hulle vertel waar hy was nie; dus het hy gedink hy sal maar liewer stilbly van sy ondervinding met Warrelwind en Vader Maan.

VERHAALTJIES VIR LAER SKOLE